## 29 November — Jesaja 63:7-19

### *Die Vader se mag in u lewe*

Die kerk is 'n huisgesin. God is ons Vader (Jes. 63:16), ons is sy kinders (vers 8) en daarom is ons ook mekaar se broeders en susters (2 Kor. 6:18). Dit is een van die mooiste beskrywings om die verhouding tussen God en die gelowige uit te druk: Vader en kinders! Sekere kinders raak ontnugter, veral oor hulle Vader. Is Hy werklik almagtig (vers 12). As God almagtig is, waarom laat Hy die swaar toe in my, sy kind, se lewe? Die Vader lyk so onmagtig in my lewe. Probeer God se mag soos volg verstaan: Ons moet baie versigtig wees om God se almag en menslike mag met mekaar vergelyk (Jes. 40:25). Aardse, menslike mag vertoon kragtig. Menslike mag maak kragdadig alles reg. Hierteenoor wil dit voorkom of God magteloos is. Kyk na Jesus Christus. As u na Christus se lewe kyk, lyk dit vir u of daar 'n almagtige God by betrokke is? Mense verloën en verneder Hom. Mense maak Hom dood. 'n Mens wil vra: Waar is sy Vader se almag? En toe Christus sy laaste asem uitblaas, het God oor die mag van die hel getriomfeer en dit oorwin (Heb. 2:14). God se skynbare onmag oorwin met mag die Satan en sy magte in Christus. So werk die almagtige God ook in u lewe. Ons weet die Vader is almagtig en werk almagtig in u lewe, al lyk dit nie so nie (Jes. 54:5).

Sing: Psalm 136:3

Ds. A.L. Rheeder (Pietersburg)